Stellenbos brand

Stellenbos brand. Dit is
baie verleidelik om diep
te delf tot digterlike insigte en
terme in te gooi soos
"inferno" of "vlammehel".

Stellenbos brand, Stellenbos is in 'n
goue gloed gekaats versier met rollende
rookspoke. Die son 'n oranje bol wat
waak oor sy nasate se geskroei wat
verwoes en voortplant van vonk na

vonk se gekraak en kners van tak en
knak se harde slag en tuimel en rol om te
verdwyn en weg te kwyn in 'n spelonk

van gedagtes.

Hoe klein die vlam in die brein in vergelyking
met die groot brandstigter se meesterstukke;
om aan te spoor, te waarsku, oor verwoesting en
gestroopte vernuwing: die mag van
vlammende prikke van die verruklike

Maviza ← M v. Wyk